Verwysing: 20200623-6642
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Assesseringsbestuursminuut: 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, VOO-koördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat voorberei

ONDERWERP: ALGEMENE BEVINDINGE TYDENS PROVINSIALE MODERERING VAN SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING IN GRAAD 12

1. Die modereringsproses van skoolgebaseerde assessering (SBA) verseker die geldigheid van die assesseringsinstrumente, regverdigheid van die assesseringsprosesse en die betroubaarheid van assesseringsbesluite deur alle onderwysers volgens ooreengekome standaarde.

2. SGA vorm 25% van die finale bevorderingspunte vir alle vakke wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) aangebied word. Die assessering van vakke met 'n praktiese komponent en vir Tale wat deur die onderwyser uitgevoer word, kom op meer as 25% te staan. In die geval van Lewensoriëntering tel SGA 100%. Die samestelling van SGA vir elke vak word in die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarring uiteengesit.

3. Moderering van SGA moet op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlakke uitgevoer word om geloofwaardigheid van die SGA-punt en integriteit van assessering by elke skool te verseker.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het in 2019 provinsiale moderering van graad 12-SGA's in Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Lewenswetenskappe, Geografie, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, Verbruikerstudies, Engels Eerste Addisionel Taal en Rekenaartoepassingstegnologie uitgevoer.

5. Daar is steekproewe gedoen uit 'n lys van skole wat 'n gemiddelde SGA-punt van 15% en hoër bo die gemiddelde aangepaste eksamenpunt gehad het en skole met 'n gemiddelde SGA-punt van onder 5% van die gemiddelde aangepaste eksamenpunt

in vakke in die vorige NSS-eksamens. Skole wat 'n slaagsyfer van onder 60% in steekproefvakke in November 2019 behaal het, is ook in die provinsiale steekproewe ingesluit.

6. Die provinsiale moderering is deur vakamptenare van distrikte en Hoofkantoor uitgevoer. Modereringsverslae is aan alle distrikte gestuur sodat vakadviseurs dit met onderwysers kon bemiddel.

7. 'n Opsomming van algemene kommerwekkende kwessies wat tydens die 2019-moderering van steekproefvakke geïdentifiseer is, word as **Addendum A** by hierdie minuut aangeheg.

8. Prinsipale word versoek om toe te sien dat departementshoofde/vakleiers by hulle skole die bevindinge met alle toepaslike vakadviseurs en onderwysers bespreek om te verseker dat aanbevelings geïmplementeer word en assesseringspraktyk sodoende verbeter.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-07-16